

VEEDIEFSTAL IN DIE VEROWERDE GEBIED GEDURENDE DIE 19DE EEU

C C Eloff

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

SUMMARY

Stock-theft in the Conquered Territory during the 19th century

Little research has thus far been done on the role of stock-theft in the history of South African agriculture. This can be attributed, inter alia, to the fact that theft relates to negative interpersonal or intergroup relations as well as the sensitive and complex question of guilt. Some writers state in this regard that too much emphasis should not be placed on stock-theft in the analysis of border communities. They are of the opinion that claims to the same land were actually the "fundamental basis of the conflict".

This article stresses the fact that during the 19th century stock-theft was indeed one of the most serious problems facing the agrarian community of the so-called Conquered Territory in the Eastern Free State border region. Cattle-stealing was caused or facilitated by a host of factors, while the nature of the thefts and the way in which it was committed sheds some light on its seriousness.

Although the extent of stock-theft can by no means be precisely calculated and losses cannot be quantified in exact financial terms, it becomes clear in this study that those who had to contend with it almost daily, regarded their position as intolerable, desperate and even hopeless. The continuous thefts, in fact, paralysed stock-farmers and filled them with a sense of insecurity, because in time it also caused their farms to diminish in value.

Apart from its socio-economic implications stock-theft also had a negative effect on interstate relations since, together with border violations and squatting, it constituted the quintessence of the 19th century border issue between the Free State and Basutoland.

Inleiding

Ten spyte daarvan dat 'n al kleiner persentasie van die wêreldbevolking tans nog 'n direkte betrokkenheid by die landbou het, is dit opvallend dat belangstelling in hierdie belangrike ekonomiese bedryf die afgelope halfeeue veral in die buiteland sterk toegeneem het. Die bestudering van agrariese geskiedenis word tereg beskou as 'n voorvereiste om landbou-ekonomiese ontwikkeling en knelpunte in perspektief te stel.¹ Die vakgebied is wyd en bied talle uitdagings omdat daar voortdurend "new frontiers" is wat nog ontdek

W.R. Jacobs, "Research in Agricultural History: Frederick Jackson Turner's View in 1922", *Agricultural History*, 42 (1968), p. 19; R.G. Dunbar, "The Role of Agricultural History in Economic Development", *Agricultural History*, 41 (1967), p. 344.



moet word en "unlimited rich and mellow fields to till".²

In die geval van veeboerdery is hierdie uitsprake juis toepaslik aangesien sekere terreine van die bedryf redelik indringend verken is, terwyl ander nog braak lê. 'n Literatuurstudie toon dat heelwat publikasies oor die breë tema reeds die lig gesien het.³ Ten opsigte van agrariese faktore wat stremmend op veeboerdery inwerk — onder meer droogtes, veesiektes, prysskommelings en bemerkingsprobleme — is ook al heelwat gepubliseer.⁴ Dieselfde geld egter nie vir *veediefstal* nie, want hoewel dit reeds sederŕ die volksplanting voorgekom het en selfs as 'n rede vir die Groot Trek geag word, is aan hierdie verskynsel nog weinig aandag gegee. In sommige studies word wel sydelings na diefstal van vee verwys,⁵ dog geen omvangryke navorsing oor die rol daarvan in die Suid-Afrikaanse landbou is tot dusver aangepak nie.⁶

'n Rede hiervoor lê moontlik opgesluit in die feit dat *veediefstal* 'n kriminele konnotasie het en verband hou met die problematiek van tussengroepverhoudinge, interpersoonlike kontak sowel as die sensitiewe en komplekse 'skuldfaktor'. Anders as in die geval met natuurlike invloede soos veesiektes en droogtes op veeboerdery waar die mens se rol tot die minimum beperk is, impliseer *veediefstal* menslike handeling van 'n meestal negatiewe aard. Sommige skrywers dui dan ook aan dat diefstal van vee in werklikheid nie 'n kernprobleem in grensgebiede was nie. So byvoorbeeld verklaar Eric Walker: "In describing frontier affairs it is easy to lay too much stress on cattle. Cattle-stealing and reprisals were a perpetual harassment and at times a *casus belli*". Tog voer hy aan dat dit nie sonder meer as die wese van die grensvraagstuk gereken kan word nie.⁷ Met verwysing na *veediefstal* langs die Vrystaat-Basoetoland-grens in die vorige eeu, laat Paul Maylam hom so uit: "Much of the Free Staters' overt bitterness towards the Basuto seems to have centered

2. R. Lennard, "Agrarian History: Some Vistas and Pitfalls", *Agricultural History Review*, 12 (1964), p. 83; G.C. Fite, "Expanded Frontiers in Agricultural History", *Agricultural History*, 35 (1961), p. 181; W.D. Rasmussen, "Forty Years of Agricultural History", *Agricultural History*, 33 (1959), p. 184.
3. Byvoorbeeld H.B. Thom, *Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika* (Amsterdam, 1936); G.D. Nel, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Beesboerdery in Suid-Afrika ...* (Wageningen, 1937); D.J. Jacobs, "Landbou en Veeteelt in die Oranje—Vrystaat, 1864—1888", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969, deel 1; P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858—1899 (D.Litt.-proefskrif, UNISA, 1954); P.K. Louw, Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie, 1795—1806 (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1949); A.C. Redelinghuis, 'n Histories-geografiese Oorsig van die Ontwikkeling van Landbou in die O.V.S. sedert die Begin van Blanke Vestiging tot 1969 (M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1974). In bibliografieë wat onder meer deur die Institute of Agricultural History (University of Reading, England) en die Instituut voor Landbougeschiedenis (Rijksuniversiteit van Groningen) uitgegee word, verskyn talryke voorbeelde hiervan.
4. Voorbeelde is opgeneem in C.F.J. Muller *et al.* (reds.), *South African History and Historians — a Bibliography* (Pretoria, 1979), pp. 205—10 en in bibliografieë van die Engelse en Nederlandse instansies in voetnoot 3 hierbo genoem.
5. Kyk onder meer Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 194—7; K. Shillington, *The Colonisation of the Southern Tswana 1870—1900* (Johannesburg, 1985), pp. 138, 151 en 227; Nel, *Ontstaan en Ontwikkeling van Beesboerdery*, pp. 63—6; Thom, *Geskiedenis van die Skaapboerdery*, pp. 81 en 86. A.C.M. Webb, *The Agricultural Development of the 1820 Settlement down to 1846* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Rhodes, 1975) gee redelik uitvoerig aandag aan diefstal van vee in die oostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie.
6. In 'n spesiale uitgawe van die *Journal of Southern African Studies*, 5, 1 (Oktober 1978), met as tema "Themes in Agrarian History and Society", kom *veediefstal* byvoorbeeld nie eens ter sprake nie.
7. E.A. Walker, *A History of Southern Africa* (Londen, 1965), p. 181.

on the issue of stock theft. This, though, was not the fundamental basis of the conflict.¹⁰

Hierdie en ander skrywers herlei die eintlike probleme tussen die Vrystaat en Basoetoland dus tot 'n stryd om eienaarskap van grond, en teweens die Boererepubliek se pogings om Sotho-grondgebied in te palm;⁹ tog kan dit nie ontken word nie dat veediefstal 'n besliste vraagstuk in die betrokke grensgebied was en tans nog as sodanig ervaar word.

Hierdie artikel ontleed agtereenvolgens die omvang en verspreiding van veeboerdery in die sogenaamde Verowerde Gebied (kyk kaart), faktore wat tot veediefstal in dié streek gelei het, die aard en voorkoms van diefstalle, maatreëls wat getref is om dit te bekamp en die uitwerking van veediefstal op die landbou-ekonomie. Die klem val uitsluitlik op die diefstal van Blanke grondeienaars se vee in die Verowerde Gebied,¹⁰ ofskoon die verskynsel ook teen die agtergrond van breëre grenssituasies en tussengroepverhoudinge behandel word.

Veeboerdery in die betrokke grensstreek

Veeboere uit veral die noordelike distrikte van die Kaapkolonie het al sedert 1817 toestemming van die owerheid gekry om met hul diere oor die Oranjerivier (Gariëp) te trek en weiveld daar tydelik te gebruik. Omstandighede soos droogtes, verliese wat weens die heen-en-weer-trekkery gely is en die onbewoonde grondgebied in die Transgariëp het daartoe bygedra dat talle boere ná 1824 besluit het om hulle permanent in die vrugbare landstreek te vestig. Die gebied suid van die Modderrivier en tussen die Oranje- en Caledonrivier, wes van Langeberg, is tot 1840 gevolglik deur hierdie Blankes beset.¹¹

Aan die begin van die 1830's, terwyl trek- en veeboere dus feitlik reeds die hele suid-oostelike Transgariëp bewoon het, was die Sotho onder opperhoof Mosjwesjwe se gebied hoofsaaklik beperk tot die bergagtige dele rondom Thaba Bosigo — wes en oos van die Caledonrivier — en tot by die Berea-plato in die noorde.¹²

Met die eerste aanraking tussen hierdie twee groepe was daar nie enige afbakening van elkeen se grondgebied nie, want die ruim, oop landstreek noord van die Oranjerivier het woonplek aan almal gebied. Na die permanente vestiging van veeboere en die begin van die Groot Trek het sake egter 'n ander wending geneem en is 'n tydperk van botsende grondaansprake en gespanne verhoudinge tussen die Sotho en Blankes ingelui.¹³

8. P. Maylam, *A History of the African People of South Africa ...* (Kaapstad, 1986), pp. 112–3.

9. Die volgende ortografie word gebruik: *Mosotho* (enkelvoud), *Basotho* (meervoud) en *Sotho* (volksgroep).

10. In die tydperk onder bespreking het Nie-Blankes nie grondbesitregte in die Verowerde Gebied gehad nie — met die uitsondering van enkele reservate wat kortstondig bestaan het. Kyk H.J. van Aswegen, "Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854–1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1977, deel 1, veral hoofstukke IX–XI. Daar bestaan verder ook geen statistieke vir Vrystaatse Nie-Blankes se veegetalle of diefstal van hul vee nie.

11. P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770–1842* (Den Haag, 1937), p. 205 e.v. en p. 362; G.M. Theal (red.), *Basutoland Records*, I (Kaapstad, 1964), pp. xvi–xvii.

12. P. Sanders, *Moshoeshoe, Chief of the Sotho* (Londen, 1975), pp. 43–59; L.M. Thompson, *Survival in Two Worlds: Moshoeshoe of Lesotho, 1786–1870* (Oxford, 1975), p. 66; S.P.R. Oosthuizen, *Die Verskuiwende Grens tussen die Vrystaat en Basoetoland, 1840–1868* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1969), pp. 13–14.

13. Theal (red.), *Basutoland Records*, II (Kaapstad, 1964), pp. xviii–xix; J.J.G. Grobbelaar, "Die Vrystaatse Republiek en die Basoetovraagstuk", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1939, deel 2, pp. xiv–xv.

Van die ernstigste probleme in hierdie 'oop' grenslinsituasie het ontstaan toe Basotho na bewering teen einde 1839 vee van boere gesteel het en laasgenoemde probeer het om die diere self terug te kry.¹⁴ Terselfdertyd het Mosjwesjwe beswaar gemaak teen Blankes wat wederregtelik op Sotho-grondgebied gewoon het.¹⁵ Om die vraagstuk op te los, het die Britse regering deur 'n reeks ooreenkomste en verdrae gepoog om gebiedskeiding tussen Basotho en Blankes te bewerkstellig. Agtereenvolgende grensbepalings deur Napier (1843), Maitland (1845), Southey (1848) en Warden (1849) het egter geen oplossing gebring nie omdat nóg Mosjwesjwe nóg die Blanke boere daarmee tevrede was. Wat eintlik 'n blote "paper boundary" was¹⁶, sou nouliks kon verhinder dat wedersydse grensoortredings en veediefstal plaasvind.¹⁷

Toe Britse gesag in die Oranjerivier-Soewereiniteit teen 1854 beëindig word en die Oranje-Vrystaat tot stand kom, het die troebele grenstoestande steeds voortgeduur. Uiteenlopende standpunte oor die geldigheid van vroeëre grensafbakenings tussen Blank en Sotho het sake vererger en veediefstal laat toeneem.¹⁸ Die kernprobleem vir Mosjwesjwe was dat Blankes hom en sy volk van hul grond wou beroof¹⁹ en daardeur die Sotho se voortbestaan in die gedrang kon bring.²⁰ Die Vrystaatse regering het op sy beurt gewaarsku dat hy veediefstal as openlike daade van aggressie beskou en dienooreenkomstig daarteen sou optree.²¹

Gevolgtik was veediefstalle en grensskendings wat uit die *grondvraagstuk* voortgespruit het, direkte oorsake vir die uitbreek van drie oorloë tussen die Vrystaat en Basoetoland.²² Afgesien daarvan dat die voorkoms van veediewery in hierdie wapenstryd geweldig toegeneem het,²³ het die Vrystaat gedurende die tweede Basotho-oorlog (1865–6) 'n groot deel van die Sotho se grondgebied ingepalm. Hierdie sogenaamde Verowerde Gebied is ingelyf by die Boererepubliek wat beplan het om dit deur 'n digte Blanke besetting teen voortgesette grensoorskrydings en veediefstal te vrywaar.²⁴

Die ideaal van 'n soort 'buffer' of 'bolwerk' teen verdere Basotho-indringing is egter nie verwesenlik nie, want in 1867 het die twee buurstates in nog 'n militêre konflik teen mekaar te staan gekom. Na die Britse anneksasie van Basoetoland (Maart 1868) is die

-
14. Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", p. 1; Oosthuizen, *Verskuiwende Grens*, pp. 30–31.
 15. Theal (red.), *Basutoland Records*, I, pp. 36–7 en 40.
 16. W.B. Campbell, "The South African Frontier, 1865–1885; a study in expansion", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1959, deel 1, p. 73.
 17. Oosthuizen, *Verskuiwende Grens*, pp. 31–40; C.C. Eloff, "Die Sogenaamde Verowerde Gebied: Omstrede Grensstreek tussen die Oranje-Vrystaat en Lesotho (Basoetoland)", *Contree*, 4 (Julie 1978), pp. 7–8.
 18. Theal (red.), *Basutoland Records*, III (Kaapstad, 1964), p. x; Oosthuizen, *Verskuiwende Grens*, pp. 146–51.
 19. Theal (red.), *Basutoland Records*, II, p. 267; Campbell, "South African Frontier", pp. 73–4; Maylam, *History of African People*, p. 113. S.M. Molema, *The Bantu Past and Present*, (Kaapstad, 1963), p. 60, verwys byvoorbeeld na Vrystaters as "land grabbers".
 20. Oosthuizen, *Verskuiwende Grens*, pp. 15, 29 en 34–5; Vrystaatse Argiefbewaarpark, Bloemfontein (hierna VAB), GS 1339: Mosjwesjwe – President J.H. Brand, 9.7.1867, p. 932.
 21. Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", p. 49; Theal (red.), *Basutoland Records*, II, pp. 181 en 267.
 22. Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", pp. 130 en 165; Walker, *History of Southern Africa*, pp. 181; M. Wilson en L.M. Thompson (reds.), *The Oxford History of South Africa*, 2 (Oxford, 1971), p. 7; Campbell, "South African Frontier", p. 74.
 23. Kyk onder "Aard en omvang" hieronder.
 24. Theal (red.), *Basutoland Records*, III, pp. 657–8; Eloff, "Sogenaamde Verowerde Gebied", pp. 10–11; *The Friend*, 27.4.1866 (berig: "A Visit to Thaba Bosigo").

vredesverdrag van Aliwal-Noord vroeg die volgende jaar tussen Blank en Basotho gesluit. Ingevolge die nuwe grensbepalings moes die Vrystaat 142 plase met 'n oppervlakte van nagenoeg 183 000 hektaar aan die Sotho teruggee. Die vrugbaarste gedeelte van die gebied, wes van die Caledonrivier, het nietemin in Vrystaatse besit gebly. Die meer as 600 plase in die Verowerde Gebied (sowat 813 000 hektaar) was by uitstek geskik vir landbou en het spoedig tot een van die digbevolkte streke in die Vrystaat ontwikkel.²⁵

Met veeboerdery is in die betrokke gebied vroeg reeds sukses behaal. Die geskiktheid van die streek vir veeteelt het juis meegebring dat trekboere wat seisoenmigrasies daarheen onderneem het, hulle uiteindelik hoofsaaklik op veeboerdery toegelê het toe hulle hul metterwoon noord van die Oranjerivier gevestig het.²⁶ Teen 1856, dit wil sê nog voor die eerste wapenbotsing tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, was daar reeds meer as 'n halfmiljoen skape en sowat 'n honderdduisend beeste in die distrikte Caledonrivier (Smithfield), Harrismith en Winburg wat later die grootste deel van die Verowerde Gebied sou uitmaak.²⁷

Uit amptelike sensusopnames blyk dit dat gedeeltes van die Verowerde Gebied teen die laat 19de eeu onder die voorste veeboerderydistrikte in die Vrystaat getel het en dat veebesit as 'n belangrike ekonomiese bate gereken is.²⁸ In vergelyking met veegetalle in Basoetoland teen die 1870's²⁹ was daar in die Verowerde Gebied feitlik drie keer soveel skape en ietwat minder bokke as in die buurstaat. Basotho het weer drie maal meer beeste besit as Blankes in die betrokke streek.³⁰

Oorsake

'n Wye reeks faktore het gesamentlik én individueel tot veediefstal aanleiding gegee of dit in die hand gewerk. Een daarvan was die topografie langs die grenslyn wat in 1869 tussen die Vrystaat en Basoetoland vasgestel is. Hierdie grenskeiding bestaan byna in sy geheel uit die Caledonrivier wat deur bergagtige, onherbergsame gedeeltes vloei en in wintermaande tot 'n enkeldiep, deurwaadbare stroompie afneem. Vir veediewe was dit dus verspot maklik om die grens na die Vrystaat oor te steek en met hul buit na Basoetoland terug te keer — iets wat ook op die Kaapse Oosgrens geldet het.³¹

-
25. Eloff, "Sogenaamde Verowerde Gebied", pp. 8—15 en 18—20; Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 157 en 194.
 26. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", p. 161; C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse Grensgordel — 'n Streek-historiese Voorstudie en Bronneverkenning* (Pretoria, 1980), pp. 4, 6 en 106—7.
 27. Redelinghuis, *Histories-geografiese Oorsig van Landbou in O.V.S.*, p. 29.
 28. *Ibid.*, pp. 71, 77, 81—2, 131—2, 137 en 140; Jacobs, "Landbou en Veeteelt", p. 157.
 29. *Blue Book for the Colony of the Cape of Good Hope, 1875* (Kaapstad, 1876). Teen 1875 was Basotho-veegetalle soos volg: 217 732 beeste, 215 485 bokke en 303 080 skape.
 30. Hierdie verskynsel hou moontlik verband met die waarde van die bees in die Sotho-volkslewe asook met die patroon van veediefstal waar oor die algemeen meer skape en bokke as beeste in die Vrystaat buitgemaak is. In die Oosgrensdistrikte van die Kaapkolonie is tussen 1820 en 1840 weer heelwat minder skape en bokke as beeste gesteel. Vgl. Webb, *Agricultural Development*, pp. 162—5.
 31. Lesotho Government Archives, Maseru (hierna LA), S 7/5/2: Assistent-kommissaris, Leribe aan Resident-kommissaris, 23.7.1884; S 3/25/1/10: Waarnemende Goewermentsekretaris aan Resident-kommissaris, 1.7.1893; VAB, GS 35:J.N. van Reenen, distrik Bethlehem aan President J.H. Brand, 5.6.1887, pp. 96—7; GS 1042:L. Geldenhuys, distrik Winburg aan President F.W. Reitz, 16.1.1893, p.181; GS 468: J.H. Meiring, Fouriesburg aan Goewermentsekretaris, 14.11.1896, p. 167; *The Friend*, 12.11.1885 (brief van "Border Farmer"); Webb, *Agricultural Development*, p.89.

Onsekerheid het bowendien geheers oor die ware grenslyn, veral in die Vrystaatse suidoostelike en noordelike grensgebied. Tesame met die gebrek aan 'n heining of grensdraad het dit veediefstal aansienlik vergemaklik sodat Vrystaters en Basotho knaend oor hierdie toestand gekla en mekaar van diefstal beskuldig het.³² Die feit dat plase in die Vrystaat voor omstreeks 1890 nog nie omhein was nie, het sake verder bemoeilik.³³

Ontoereikende grensbewaking en -beskerming in die Vrystaat én Basoetoland was nog 'n belangrike oorsaak vir veediefstal. Sedert die Britse anneksasie van Sothogebied (1868) is voortdurend daarop gewys dat geen doeltreffende polisiemag of grenswag bestaan het wat veediewe in Basoetoland kon afskrik nie (bykans dieselfde situasie wat in daardie stadium ook in Brits-Betsjoeanaland geheers het).³⁴ In Basoetoland was die bewindhebbers weer oortuig dat die Boererepubliek se versuim om 'n sterk grensmag in die lewe te roep, grotendeels vir die vraagstuk verantwoordelik was.³⁵

Leemtes in die Vrystaatse passtelsel of die lakse toepassing van maatreëls om Basotho se bewegings in die Vrystaat te kontroleer, het diefstal van vee ook aangemoedig. Ten spyte van streng wetgewing om landlopery en plakkery aan bande te lê,³⁶ het baie boere en handelaars tog toegelaat dat Basotho die grens sonder passe of met onwettige passe oors-teek. Soms is die getal vee wat na Basoetoland geneem is nie eens op passe aangedui nie en kon behoorlike beheer dus nie uitgeoefen word oor diere wat die Vrystaat verlaat het nie.³⁷

Veediefstal is voorts veroorsaak deur die afwesigheid (tot 1887) van enige formele ooreenkoms vir die uitlewering van misdadigers tussen die twee buurstade. Oortreders kon daarom baiekeer straf in die Boererepubliek vryspring deur gesteelde vee na Basoetoland te jaag en daar skuil te hou. In die meeste gevalle is Basotho-diewe wel aan die Vrystaat uitgelewer maar dit was informeel en geensins bindend nie.³⁸ Hierdie lukrake toedrag van sake het Vrystaters gefrustreer en party selfs laat dreig om "gewapend Basuto-land in te gaan en hun vee te soeken en uit te brengen."³⁹

In sekere gevalle van veediefstal het vergelding of 'n wraakmotief 'n deurslag-gewende rol gespeel. Versteurde arbeidsverhoudinge het tot baie voorvalle van hierdie aard gelei. Die praktyk by sommige Blankes om hul werknemers se regmatige lone terug te hou na voltooiing van dienskontrakte kan teruggevoer word tot die pioniersfase van die Kaapse samelewing.⁴⁰ Ook boere in die Verwerde Gebied het hulle dikwels hieraan skuld-ig gemaak en Basotho-arbeiders nie vergoed soos ooreengekom nie — of selfs glad nie hul

-
32. C.C. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884—1902: 'n Verhoudingstudie* (Pretoria, 1984), pp. 44—8. Gedurende 1884 het Basotho byvoorbeeld 230 beeste as gevolg van die vae en onsekerre grenslyn gebuit. *The Friend*, 17.7.1884 (korrespondent, Smithfield) en 4.9.1884 (berig).
33. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 203—4; Thom, *Geskiedenis van die Skaapboerdery*, p. 92.
34. Kyk Shillington, *The Colonisation*, p. 151.
35. Vir 'n uiteensetting van hierdie twispunt kyk Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 35, 39—41, 53, 56—7, 59 en 64, en "Die Verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1878—1884", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1980, deel 2, pp. 77, 80 en 105—9; Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 195—6.
36. Van Aswegen, "Verhouding tussen Blank en Nie-Blank", pp. 248—50, 253—6 en 295—9.
37. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 12, 52, 59, 78—9 en 119—22.
38. C.C. Eloff, "Die Uitlewering van Misdadigers tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland gedurende die Bewindstydperk van die Kaapkolonie (1871—1883)", *Humanitas*, 4, 3 (1978), pp. 313—5.
39. VAB, GS 902:Landdros, Rouxville aan Goewermentsekretaris, 13.6.1885, p. 121.
40. M.C. Legassick, "The Frontier Tradition in South African Historiography", in S. Marks en A. Atmore [reds.], *Economy and Society in Pre-industrial South Africa* (Londen, 1980), p. 67.

loon betaal nie.⁴¹ Uit weerwraak vir hierdie onreg teenoor hulle gepleeg, het sulke werkers dikwels van hul Blanke werkgewers se vee gesteel en daarmee na Basoetoland gevlug.⁴²

Nog 'n wraakfaktor wat aan die diefstal van vee gekoppel kan word, was gesetel in die swak beseëdiging wat Basotho vir hul arbeid in die Vrystaat ontvang het. Dit het hulle soms tot vergeldingstappe aangespoor en boere se vee laat steel om die skamele vergoeding aan te vul.⁴³ Die diefstal van hul eie vee deur Blanke Vrystaters het dikwels ook tot Basotho-weerwraakoptrede gelei.⁴⁴

Prysgawe van die sogenaamde Verowerde Gebied wat hulle as hul wettige eiendom beskou het, was by die Basotho 'n gevoelige saak. Reeds teen 1864 het 'n Sotho-argument gelui dat "if the Boers have our land, the Basutos must have their cattle and horses in return".⁴⁵ Toe die Vrystaat kort daarna inderdaad 'n groot gedeelte van Basoetoland anneксеer, het Mosjwesjwe gewaarsku dat sy volk hierdie verlies sou vergeld.⁴⁶ Volgens Jean van der Poel kan veediefstal in die Verowerde Gebied deels toegeskryf word aan Basotho se "deliberate movement into the white man's lands, which they considered immemorially theirs".⁴⁷

Die tradisionele opvatting by die Sotho omtrent diefstal en die besondere plek van vee in dié volk se sosiaal-ekonomiese bestaan word meestal oor die hoof gesien wanneer oorsake van veediewery in die 19de eeu ontleed word. Diefstal is 'n bekende begrip by die Mosotho en word oor die algemeen veroordeel.⁴⁸ Nietemin word dit soms as geregverdig beskou en selfs vergoelik, soos een skrywer dit stel: "The wrong of stealing in his idea was

-
41. Eloff, "Verhouding tussen Oranje-Vrystaat en Basoetoland", p. 16; H.J. van Aswegen, "Die Posisie van die Nie-Blankes in die Oranje-Vrystaat, 1854—1899", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 5 (November 1973), p. 53; J. Kimble, "Labour Migration in Basutoland, c. 1870—1885", in S. Marks en R. Rathbone (reds.), *Industrialisation and Social Change in South Africa* (Essex en New York, 1982), pp. 127 en 139 (voetnoot).
 42. LA, S 8/1/2: G. Lagden aan Assistent-kommissaris, Leribe, 1.3.1886; VAB, GS 1269:M.J. Clarke aan President J.H. Brand, 15.3.1886, pp. 88—93; *Leselinyana la Lesotho*, 1.2.1887 (berig). Die Sotho-opperhoof Letsie het na Blankes wat Basotho se geld 'steel' deur hulle nie vir hul dienste te vergoed nie, verwys as "bana ba nôha" (listige, geslepe of onderduimse mense), of letterlik vertaal, 'kinders van die slang'. LA, S 11/2: Pitso by Mafeteng, 5.8.1888.
 43. *Leselinyana la Lesotho*, 15.12.1885 (brief van B. Setloga, Rouxville) en 1.5.1886 (brief van D. Tsenoli, Morija); Wilson en Thompson, *Oxford History of South Africa*, 2, p. 122.
 44. VAB, GS 1266:M.J. Clarke aan President J.H. Brand, 22.6.1884, p. 205; LA, S 7/3/8: Lerotholi Letsie aan Resident-kommissaris, 17.3.1893; A. Atmore, "The Passing of Sotho Independence, 1865—1870", in L. Thompson (red.), *African Societies in Southern Africa* (Londen, 1969), p. 296; Campbell, "South African Frontier", p. 73. Aan hierdie saak word later vollediger aandag gegee (kyk veral voetnoot 65).
 45. Aangehaal by Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", p. 130.
 46. 'n Nederlandse weergawe van Mosjwesjwe se lakoniese woorde lui: "De President heeft mijne karos gevat en een gedeelte daarvan afgesneden en moet dus ook het ongedierte houden dat zich op dat deel bevindt". *De Tijd*, 13.3.1867.
 47. J. van der Poel, "Basutoland as a Factor in South African Politics 1858—1870", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1941, deel 1, p. 180; kyk ook R.C. Germond (red.), *Chronicles of Basutoland* (Morija, 1967), p. 268; Thompson, *Survival in Two Worlds*, p. 219; V.E. Ellenberger, *A Century of Missionwork in Basutoland (1833—1933)* (Morija, 1938), pp. 100 en 131; C.C. Eloff, "Lesotho Claims to Part of the Orange Free State", *South African Yearbook of International Law*, 4 (1978), pp. 109—29.
 48. P. Duncan, *Sotho Laws and Customs* (Kaapstad, 1960), p. 112; ook Cape of Good Hope, *Report and Evidence of the Commission on Native Laws and Customs of the Basutos* (Kaapstad, 1873), pp. 44 en 47.

not at all absolute, but wholly relative. In some cases the acts [thefts] became positive virtues, as when they were for the social welfare of the tribe".⁴⁹

Solank 'n dief verder net nie betrap of gevang word en deur die gevolglike straf van vierdubbele boetedoening sy stat verarm nie, is sy daad nie veroordeel nie.⁵⁰ In die 1860's het 'n Franse sendeling daarop gewys dat veediefstal by die Sotho "are more or less condemned by the chiefs, but they none the less remain unpunished".⁵¹ Iemand wat goed vertrou was met die Sotho-leefwyse in die vorige eeu beweer in dié verband: "The Mosuto is always at heart a cattle thief; he knows no temptation so great as that of cattle lifting".⁵²

Veediefstal was dus 'n aktiwiteit uit die vroeë Sotho-geskiedenis. Volgens Peter Sanders het hoofmanne se gesag en aansien grotendeels berus op die vermoë om hul mense van voedsel te voorsien — groot veetroppe het gewoonlik ook talryke volgelinge verseker, "while a chief with none [cattle] soon found himself weak and powerless". Dit verklaar in 'n mate die "extraordinary significance of cattle-raiding among the Sotho".⁵³

Om voorafgaande uitsprake in perspektief te plaas, moet kortliks op die betekenis van vee in die Sotho se alledaagse lewe gelet word. Die besit van beeste is vir die Mosotho nie net uit 'n ekonomiese en magsoogpunt van groot belang nie maar ook om sosiale redes onontbeerlik. In die Sotho-idoom word die bees verheerlik as die "god met die nat neus" ("Molimo o nko e metsi"),⁵⁴ die dier wat die Mosotho vergesel van sy wieg tot aan die graf: dit voorsien hom van vleis en melk, werk vir hom op sy landerye of dien as sy pakkier; uit die beesvel maak hy 'n karos of skoene, hy gebruik beesmis om sy woonplek af te pleister of kos gaar te maak; en met die bees as prys (lobola/'bohadi') kan hy vir hom 'n vrou vat of lewensmiddele koop.⁵⁵

In die lig hiervan is dit enigszins begryplik dat Basotho, met hul bepaalde opvatting oor diefstal, nie sou skroom nie om hulle kuddes aan te vul deur van bure se vee te steel. Die aansienlike veestapel in die Verowerde Gebied het gevolglik vir hulle 'n onweersaanbare aantrekkingskrag gehad; bowendien is veediefstal as 'n 'doelheiligende' middel beskou.⁵⁶ Die siviele kommissaris van die distrik Queenstown het gedurende 1878 die veelseggende opmerking gemaak wat ook in hoë mate op die Sotho van toepassing was:

One feature of this stock-stealing is that the animals are stolen for food, and ... by men possessed of stock themselves; this is attributable to the great repugnance a native has to parting with his cattle, even to feed his family. He would rather risk a conviction than kill one of his own sheep ...⁵⁷

-
49. Molema, *Bantu Past and Present*, pp. 116–7. Kyk ook A.B. du Preez, *Die Etiëse Uitkyk by die Basoeto* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1933), pp. 71–2.
50. *The Friend*, 5.12.1872 (redaksioneel). Vergelyk ook die Sotho-spreekwoord "pinyane ha se senye motse" ('n bedekte daad of geringe diefstal kan die stat nie skade berokken nie).
51. Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 268; kyk ook VAB, GS 1171:E.S. Rolland — President J.H. Brand, 20.2.1878, p. 335.
52. M. Martin, *Basutoland — its Legends and Customs* (Londen, 1903), p. 52; ook Jacobs, 'Landbou en Veeteelt', p. 197 (voetnoot 112).
53. Sanders, *Moshoeshoe*, pp. 14–15; ook Germond, *Chronicles of Basutoland*, p. 437; Atmore, "Passing of Sotho Independence", p. 290; Webb, *Agricultural Development*, pp. 21 en 140–41.
54. E. Segoete, *Raphepheng: Bophelo ba Basotho ba Khale* (Morijsa, 1913), p. 38.
55. H.E. Mabile, "The Basuto of Basutoland", *Journal of the African Society*, 5 (April, 1906), p. 243; V.G.J. Sheddick, *The Southern Sotho* (International Affairs Institute, Londen, 1953), p. 21; J. Widdicombe, *In the Lesuto; a Sketch of African Mission Life* (Londen, 1895), p. 64.
56. P. van Biljon, *Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika* (Kaaipstad, 1947), p. 9.
57. *Blue Book for the Colony of the Cape of Good Hope 1878 (Appendix)* (Kaaipstad, 1879), p. 16; kyk ook Webb, *Agricultural Development*, p. 4.

Hongersnood, droogtes, veesiektes (veral runderpes) en armoede in hul land het Basotho soms ook gedwing om vee in die Verowerde Gebied en elders te steel.⁵⁸ Smokkelhandel met sterk drank langs die Vrystaat-Basoetoland-grens was volgens sommige waarnemers eweneens vir veediefstal verantwoordelik omdat dit Basotho tot misdaad en ander onbesonne optrede aangespoor het.⁵⁹

Onrustoestande en oorlog het byna vanselfsprekend tot 'n skerp toename in die voorkoms en frekwensie van veediefstal gelei. Gedurende die oorloë tussen die Vrystaat en Basoetoland is groot getalle vee in die grensdistrikte buitgemaak. In die vroeë 1880's, tydens die sogenaamde Ontwapeningsoorlog en die daaropvolgende burgeroorlog in Basoetoland, was die diefstal van Vrystaatse vee weer aan die orde van die dag.⁶⁰ Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog — en veral na die reeks Britse suksesse teen die Boeremagte in 1900, toe die meeste burgers die gebied langs die Basoetolandgrens moes ontruim — het veediefstal daar ook skerp toegeneem.⁶¹

Aard en omvang

Geen noukeurige berekening of selfs 'n skatting is moontlik van die werklike getal vee wat jaarliks in die Verowerde Gebied gesteel is nie. Tydens oorloë tussen die Vrystaat en Basoetoland was daar byvoorbeeld weinig kontrole oor veegetalle omdat diere dikwels aan die genade van die natuur oorgelaat is onderwyl hul eienaars kommandodiens moes verlig. Boonop was veewagters byna onverkrygbaar omdat Basotho nie in oorlogstyd vir boere wou werk nie. Dit het tot verdere verwaarlosing van veetroppe en gevolglike diefstal bygedra. Voorts het nie alle boere voorvalle van diefstal by hul eie of die Basoetolandse regering gerapporteer nie maar die verlore vee eerder self probeer opspoor.⁶²

Die omvang van veediefstal is nogtans uit enkele voorvalle en statistieke af te lei. Gedurende en direk na afloop van die eerste Basotho-oorlog (1858) het vee-eienaars in die Vrystaatse oosgrensdistrikte die spit afgebyt toe 'n totaal van 4 739 skape, 2 619 beeste en 1 269 perde gesteel is, die meeste daarvan in die Caledonrivierdistrik.⁶³ Die volgende oorlog (1865–6) het nog erger verliese meegebring. Onderdane van Masupha en Mopeli het byvoorbeeld net op één dag sowat 70 000 skape, meer as 2 000 beeste en 50 perde na

58. VAB, GS 784: Veldkornet, Ficksburg — President J.H. Brand, 1.11.1884, p. 214; PRE 9: C. Vincent, Clocolan — Pres. M.T. Steyn, 17.7.1897; LA, MF 2/1/5: Assistent-kommissaris, Mafeteng — Resident-kommissaris, 10.3.1898; *De Express*, 13.9.1898 (korrespondent, Basoetoland); Atmore, "Passing of Sotho Independence", p. 285. Webb, *Agricultural Development*, pp. 147–8.

59. *Volksraadnotule* (OVS), 12 Jun. 1875, pp. 344–9; VAB, GS 1194: H. Barkly — President J.H. Brand, 4.12.1876, pp. 1016–7; GS 1273: G. Lagden — President M.T. Steyn, 27.4.1896, p. 165; *Leselinyana la Lesotho*, 1.10.1885 (brief van Letsie Mosjwesjwe, Matsieng); C.C. Eloff, "Dranksluikhandel langs die Vrystaat-Basoetolandgrens gedurende die laat-neëntiende eeu", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 25, 1 (Maart 1985), pp. 30–37.

60. Hierdie gebeure word verder aan beskryf. Sowel Shillington (*The Colonisation*, p. 138) as Webb (*Agricultural Development*, pp. 63 en 160–1) verwys na die invloed van oorlogssituasies — in onderskeidelik Brits-Betsjoeanaland en die Kaapse Oosgrensgebied — op veediefstal.

61. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 228–9.

62. VAB, GS 785: A.P.J. Diederichs — Landdros, Ladybrand, 29.3.1885, p. 176; GS 1271: Goewermentsekretaris, Basoetoland — Goewermentsekretaris, OVS, 12.3.1889, pp. 112–3; *The Friend*, 31.5.1877 (brief van "Plaatje Rugter", distrik Rouxville) en 8.11.1897 (korrespondent, Mafeteng); Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 193–195 en 197; Webb, *Agricultural Development*, pp. 52 en 54.

63. Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", p. 67; Redelinghuis, *Histories-geografiese Oorsig van Landbou in O.V.S.*, p. 34.

Basoetoland gejaag. 'n Ooggetuie het beweer dat ruim 100 000 skape en "ontelbare" beeste en perde uiteindelik weggevoer is; een boer het glo feitlik al sy vee en ander eiendom verloor.⁶⁴ Gedurende die derde Basotho-oorlog (1867—8) is binne 'n maand meer as 'n duisend stuks vee in die Caledonrivier- en Bloemfontein-distrik gesteel, terwyl in die Verowerde Gebied sowat 2 050 skape, beeste, bokke en perde tussen 28 April en 23 Junie 1868 deur Basotho buitgemaak is.⁶⁵

Na afloop van die oorloë en nadat Basoetoland in 1871 onder die bestuur van die Kaapkolonie geplaas is, het veediefstal merkbaar afgeneem. Hoewel daar nog sporadiese voorvalle was en teen 1872 gekla is dat sowat 2 000 diere steeds jaarliks in die distrik Rouxville gesteel word,⁶⁶ het 'n inwoner van die Verowerde Gebied omstreeks dieselfde tyd aangedui dat hy en sy mede-grensboere "never had so complete exemption from thefts ... on our eastern border as we now enjoy".⁶⁷ Hierdie situasie is deur sommige toegeskryf aan die relatiewe rus en orde wat deur die Blanke (Koloniale) administrasie in Basoetoland teweeggebring is.⁶⁸

Teen die einde van die 1870s het dieselfde Koloniale bestuur egter die grootskaalse bewapening van die Sotho ongedaan probeer maak — iets wat op oorlog in Basoetoland uitgeloop het. Die onrus en chaos wat hieruit voortgevloei het, het tot 'n toename in veediefstal gelei. Vee van die strydende Sotho-faksies (bekend as die 'Lojaliste' en 'Rebelle') wat vir beskerming na die Vrystaat gejaag is, het naamlik dikwels met grensboere se diere deurmekaar geraak. Wanneer dié Basotho-vee dan deur een van die groepe gesteel is, is Vrystaatse vee saam na die buurstaat weggevoer. Sommige Vrystaters het hulle egter ook skuldig gemaak aan diefstal van Basotho-vee wat op grensplase in die Verowerde Gebied gewei het.⁶⁹

Nadat Brittanje in Maart 1884 die bestuur in Basoetoland oorgeneem het, het Basotho-veediefstalle nie 'n noemenswaardige daling getoon nie. Beskikbare inligting (kyk tabel)⁷⁰ dui daarop dat dit hoofsaaklik boere in die Verowerde Gebied was wat deurlopend hiermee te kampe gehad het.

Uit voorafgaande gegewens blyk dit dat slegs omtrent 'n derde van die getal diere wat gesteel is weer opgespoor kon word. Die oor- en brandmerke by talle was dikwels so erg deur diewe geskend dat eienaars hul vee nie kon uitken nie indien dit wel aan hulle terugbesorg is. Van hierdie diere was boonop in 'n treurige kondisie of deur veesiektes

-
64. Thom, *Geskiedenis van die Skaapboerdery*, p. 91; Grobbelaar, "Vrystaatse Republiek en Basoetovraagstuk", p. 134; J.D. Theron, *Die Ekonomiese en Finansiële Toestand van die Oranje-Vrystaat Republiek, 1854—1880* (M.A.-verhandeling, UNISA, 1943), p. 16. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna KAB), BR IV (Unpublished Basutoland Records); J.H. Brand — Sir P.E. Wodehouse, 28.4.1868, p. 246; GH 10/5: Brand — Wodehouse, 8.7.1868, pp. 319—20. Volgens Anthony Atmore ("Passing of Sotho Independence", p. 285) en Peter Sanders (*Moshoeshoe*, p. 301) het Basotho veral gedurende die laaste oorlog geweldige verliese gely deurdat Vrystaatse kommando's duisende klein- en grootvee in Basoetoland geroof het. Dit val egter buite die bestek van hierdie referaat om veediefstal in *Basoetoland* te ontleed.
66. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", p. 195.
67. *The Friend*, 19.1.1871. Ook KAB, BR VI: C.D. Griffith — J.C. Molteno, 27.8.1872, p. 508; *The Friend*, 16.7.1874 (redaksioneel).
68. KAB, GH 23/31: H. Barkly — Kimberley, 18 Mei 1871; LA, S 9/2/3/1: H.L. Davies — E.S. Rolland, 1.1.1878; S 9/1/2/1: Rolland — C.P. Brownlee, 28.1.1878; *De Express* (byvoegsel), 13.3.1879.
69. Eloff, "Verhouding tussen Oranje-Vrystaat en Basoetoland", pp. 78—84.
70. Gegewens is verwerk uit die jaarverslae van amptenare in Basoetolandse distrikte vir die betrokke periode (LA, S 3/25/1/2-S 3/25/1/16).

BASOTHO-VEEDIEFSTALLE: 1884—1899

TYDPERK (JULIE — JUNIE)	GETAL DIERE GESTEEL*					
	BEESTE		SKAPE EN BOKKE		PERDE	
1884—1885	267	(230)	882	(418)	55	(17)
1885—1886	153	(81)	328	(221)	123	(48)
1886—1887	72	(28)	553	(181)	57	(29)
1887—1888	158	(78)	512	(42)	81	(33)
1888—1889	67	(18)	236	(22)	97	(37)
1889—1890	164	(25)	225	(76)	91	(39)
1890—1891	65	(17)	75	(51)	57	(35)
1891—1892	92	(38)	114	(58)	34	(12)
1892—1893	87	(17)	82	(13)	105	(51)
1893—1894	36	(17)	18	(2)	60	(22)
1894—1895	86	(23)	188	(32)	88	(36)
1895—1896	73	(35)	26	(16)	61	(10)
1896—1897	94	(15)	185	(62)	45	(23)
1897—1898	80	(29)	134	(58)	39	(12)
1898—1899	46	(28)	224	(36)	46	(10)
TOTAAL	1 540	(679)	3 782	(1 288)	1 039	(414)

*Getalle tussen hakies dui diere aan wat in Basoetoland opgespoor en/of aan hul eienaars in die Vrystaat terugbesorg is

besmet. Verbastering of kruising van stoetgehalte vee met minderwaardige diere in Basoetoland het soms ook voorgekom.⁷¹

Die wyse waarop veediefstal plaasgevind het, werp in 'n mate lig op die erns van die saak. Diewe het dikwels nie geskroom om geweld te gebruik om krale of stalle oop te breek ten einde vee te roof nie. Van die gesteelde diere is partykeer sommer ook op die eienaar se grond geslag en dele van karkasse is net so laat lê. Wanneer diewe agtervolg is, het hulle diere soms erg vermink of selfs doodgemaak.⁷² 'n Klage wat gereeld gehoor is, was dat Vrystaatse boere afkoopboetes of skutgeld van £1 tot £3 per dier moes betaal vir vee wat Basotho gesteel het en in die buurstaat deur amptenare en hoofmanne geskut of gekonfiskeer is.⁷³

Soos reeds aangetoon, kan die verstrekte veeverliese nie as kwantitatief-betroubaar gereken word nie en afleidings wat daaruit gemaak word, sal dus met voorbehoud en tentatief moet wees. Dit moet verder deurgaans in gedagte gehou word dat nie net Basotho vir veediefstal in die betrokke grensgebied verantwoordelik was nie. Daar is byvoorbeeld

Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 63; Nel, *Ontstaan en Ontwikkeling van Beesboerdery*, p. 66; Jacobs, "Landbou en Veeteelt", p. 195.

72. LA, S 7/5/1: Waarnemende Assistent-kommissaris, Kornetspruit — Resident-kommissaris, 7.5.1884; S 7/6/2: J.H. Brand — M.J. Clarke, 26.6.1884; VAB, GS 31: Publieke Aanklaer, Bethlehem — Goewermentsekretaris, 29.8.1885, p. 127; SP 77: Goewermentsekretaris — Staatsprokureur, 9.5.1887.

73. *De Express*, 2.10.1884 (brief van 'M.F.L.', Ficksburg); VAB, GS 789: P.H. Fick — President J.H. Brand, 2.10.1886, pp. 59—60; LA, S 7/1/3/5: Assistent-kommissaris, Mafeteng — Resident-kommissaris, 18.8.1889; S 7/6/7: Goewermentsekretaris, OVS — G. Lagden, 12.5.1890.

gereeld aangevoer dat Vrystaatse Nie-Blankes (meestal plaasarbeiders) en ander misdadigerelemente in baie gevalle die skuldiges was.⁷⁴

Weens die aard en omvang daarvan was veediefstal ongetwyfeld vir die boerdery-gemeenskap van die Verowerde Gebied een van die probleme wat hul lewens die meeste versuur het. Dit het terselfdertyd 'n negatiewe invloed op Basoetoland-Vrystaatse verhoudinge gehad en tesame met grensskendings en plakkery die wese van die grensvraagstuk uitgemaak. Burgers wat elke dag daarmee te doen gekry het, het hul situasie as gevolg van veeverliese as haglik, "onhoudbaar" en selfs "reddeloos" ervaar.⁷⁵ Een grensboer het verklaar dat diegene wat nie sulke omstandighede beleef nie, hulle nooit sal kan indink nie "hoe zwaar den grensbewooners heef ..."⁷⁶ Ander Vrystaters weer het die Sotho getipeer as die "diewenasie" wat talle boere langs die sowat 240 kilometer-lange grenslyn in armoede en ellende gedompel het.⁷⁷

Maatreëls ter bestryding

In 'n poging om veediefstal te bekamp of selfs net te beperk, het sowel die Basoetolandse as die Vrystaatse regerings met verloop van tyd sekere maatreëls getref — sommige is met sukses bekroon, terwyl ander nie juis enige positiewe uitwerking gehad het nie.

Daar is veral deur middel van wetgewing gepoog om diene af te skrik of dit vir hulle moeilik te maak om vee te steel. Die tweede Verdrag van Aliwal-Noord wat in 1869 tussen die Vrystaat en Basoetoland gesluit is, het reeds voorsiening gemaak vir beperkinge op die bewegings of instroming van burgers van hierdie state na mekaar se grondgebied. Volgens die passtelsels wat gaandeweg in die twee buurstates van krag geword het, kon 'n Mosotho die Vrystaat slegs binnegaan indien hy in besit was van 'n wettige pas wat deur 'n sendeling, of sy hoofman of 'n bevoegde Blanke amptenaar aan hom uitgereik is. Op die pas moes onder meer besonderhede verskyn van die getal vee wat hy met hom kon saamneem.⁷⁸ Ten spyte van soms skerp verskille tussen die twee owerhede oor die toepassing van paswette het hierdie stelsel van kontrole veediefstal tog in 'n mate teëgewerk.⁷⁹

In 1889 is Ordonnansie 15 deur die Vrystaatse Volksraad aanvaar met die uitsluitlike doel om veediefstal te bekamp. Dit het onder meer voorsiening gemaak vir amptelike sertifikate waarop besonderhede aangebring moes word van die getal en soort vee, die branden/of snymerke van elke dier en die naam van die wettige eienaar van diere wat oor die landsgrense geneem word. 'n feitlik soortgelyke reëling is begin 1893 deur die Basoetolandse owerheid bekend gemaak ten einde diefstal van vee tot die minimum te beperk.⁸⁰

74. VAB, GS 1268: M.J. Clarke — President J.H. Brand, 27.6.1885, pp. 121—3; *The Friend*, 24.12.1885 (berig uit Basoetoland) en 19.8.1886 (korrespondent, Ladybrand); *Leselinyana la Lesotho*, 2.11.1892 (rubriek: "Tsa Lichaba").

75. VAB, GS 562: J.T. Lyon, distrik Harrismith — President M.T. Steyn, 23.7.1896, p. 97; ook *The Friend*, 13.3.1868 (brief van "Original Free State Englishman"); *De Express*, 8.1.1885 (brief van 'J.T.', Harrismith).

76. VAB, GS 904: J.B. Greyling — Landdros, Rouxville, 3.5.1886, p. 151.

77. *The Friend*, 17.8.1882 (redaksioneel): "The State of Basutoland") en 19.8.1886 (korrespondent, Ladybrand); VAB, GS 32: W.A. Bester, Verowerde Gebied — President J.H. Brand, 6.7.1886, p. 210; VR 369, 1893, IV: Memorie van A. de Klerk en 61 ander, Zastron, 27.4.1893, pp. 74—6.

78. Kyk by "Oorsake" hierbo en Eloff, "Verhouding tussen Oranje-Vrystaat en Basoetoland", pp. 89—94.

79. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 119—24 en 137—8.

80. *Gouvernements Courant van den Oranje-Vrijstaat*, 21.6.1889; LA, S 2/1: Circular No. 7-1893; S4/1/2: Dagboek van die Resident-kommissaris, Basoetoland, 27.3.1893.

Pogings het egter misluk om deur wetgewing 'n register van veemerke in die Vrystaat verpligtend te maak of om swaarder strawwe vir veediewe op te lê.⁸¹

Die sluiting in September 1887 van 'n formele verdrag vir die uitlewering van misdagigers tussen die Vrystaat en Basoetoland het wel bygedra om veediefstal in 'n mate hok te slaan. Nadat dit in werking getree het en tot 1899 is byna elke jaar 'n aantal Basotho aan die Vrystaat uitgelewer om daar op aanklagte van veediewery tereg te staan.⁸²

Stappe wat deur die twee state gedoen is om die gemeenskaplike grens duideliker te omskryf, te beveilig en teen oortreders te beskerm, het eweneens tot 'n afname van veediefstal in die Verwerde Gebied gelei. Teen die 1890's het die oprigting van 'n draadheining langs die grens tussen die Caledonrivier en Kornetspruit,⁸³ die vasstelling van die ware oorsprong van die Caledonrivier in die noordgrensgebied en die proklamasie van die Vrystaatse Omheiningswet (Ordonnansie 9 van 1890) ongetwyfeld 'n belangrike rol in die stryd teen veediefstal gespeel.⁸⁴ Die instelling van die Basutoland Mounted Police (1872) en die Vrystaatse Rijdende Dienstmacht (1889) was ook van kardinale belang in die bekamping van hierdie euwel. Laasgenoemde mag is selfs deur sommige beskou as die enigste werklik doeltreffende afskrikmiddel vir voornemende veediewe.⁸⁵ Voordat die Dienstmacht in die lewe geroep is, is jaarliks gemiddeld 607 stuks vee deur Basotho in die Vrystaat gesteel; ná 1889 het die getal tot 272 per jaar gedaal.⁸⁶ Teen die laaste helfte van die jare negentig het klagtes oor veediefstal in die Vrystaatse oosgrensdistrikte omtrent heeltemal opgedroog.⁸⁷

Basoetolandse amptenare het ook ander metodes ingespan om veediefstal in die Vrystaat te help bestry. Hulle het oor die algemeen moeite gedoen om gesteelde diere op te spoor en aan die regmatige eienaars terug te besorg. Lyste en beskrywings van gesteelde vee of van diere wat teruggevind maar nog nie opgeëis is nie, is gereeld aan die Vrystaatse regering gestuur wat dit weer onder die aandag van burgers gebring het. In enkele gevalle het die Basoetolandse owerheid selfs skadevergoeding betaal aan Vrystaters nadat dit duidelik geword het dat hul gesteelde vee nie in Basoetoland opgespoor kon word nie.⁸⁸

Uitwerking

Dit is net so moeilik om die uitwerking van veediefstal te ontleed as om die juiste omvang daarvan te bepaal; dit is toe te skryf aan die feit dat volledige statistieke omtrent veeverliese ontbreek. Dat veediefstal egter ernstige finansiële en ander implikasies vir die landbou én boer gehad het, ly geen twyfel nie.

Veral ten tyde van die oorloë tussen die Vrystaat en Basoetoland het veeboere groot skade gely. Daar is byvoorbeeld bereken dat verliese weens diefstal en ander faktore gedu-

81. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", p. 197; Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, p. 131.

82. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 124–30 en 280–84.

83. Dit is dieselfde grensgedeelte waar Vrystaatse boere onlangs (September 1987) versoek het dat 'n funksionele, stewige grensheining opgerig word.

84. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 203–5; Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 103–4, 106–7 en 109–10.

85. *Volksraadnotule* (OVS), 6.4.1895, pp. 90–99; Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 195–7; Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland*, pp. 110–14 en 116–8; Sanders, *Moshoeshoe*, p. 318.

86. Vergelyk die tabel hierbo.

87. *Volksraadnotule* (OVS), 28.4.1897, pp. 250–53, en 29.4.1897, pp. 260–62; *De Express*, 23.6.1899 (korrespondent, Ladybrand).

88. VAB, GS 1170: C.D. Griffith – Goewermentsekretaris, OVS, 26.11.1872, p. 235; GS 1269: Goewermentsekretaris, Basoetoland – Goewermentsekretaris, OVS, 11.1.1886, p. 47.

rende 1858 ongeveer £13 400 beloop het. In die oorlog van 1865—6 is die totale skade op £128 055 beraam waarvan sowat £104 400 net in distrikte van die Verowerde Gebied was. Van hierdie bedrag het boere skadevergoeding van net 7 pennies in die pond van die Vrystaatse regering ontvang.⁸⁹

Om enigsins 'n aanduiding te kry van Vrystaters se materiële verliese gedurende die 1880's en 1890's is Basotho-veediefstalle (vergelyk tabel) in geldwaarde omgerek en deur dit aan kontemporêre markpryse te koppel.⁹⁰ In hierdie periode is byvoorbeeld 3 980 diere ter waarde van £14 584 gesteel, dit wil sê jaarliks gemiddeld 265 stuks vee met 'n gesamentlike waarde van £972. Hierdie getal maak slegs 'n gedeelte uit van die ware omvang van veediefstal. Daarby moet in gedagte gehou word dat baie diere wat wel teruggekry is, dikwels weens swak kondisie of veesiektes drasties in waarde verminder het. Ten slotte berus die veepryse wat in die berekening gebruik is op die laagste gemiddelde wat by Kaapse markte behaal is.

Die geldelike verliese wat grensboere gely het, het sommige laat twyfel aan die wenslikheid daarvan om met veeboerdery in die Verowerde Gebied voort te gaan.⁹¹ Diefstal van hul vee, "de waardemeter van hun vermoogen",⁹² het vir baie Vrystaters armoede en 'n sukkelbetaan beteken. 'n Inwoner van Harrismith het in 1885 berig dat benewens beeste en perde, soms tot 500 hamels per week in die distrik gesteel word. Geen boer kon 'n bestaan maak as hy jaarliks tussen 'n kwart en 'n derde van sy wins deur veediefstal verloor het nie. Volgens hom het veediewery al so ver gevorder dat dit vir die grensboer onuitstaanbaar was:

Zoo als het hier met ons toegaat is het niet het werk van een moordenaar zoo als de autos bij een inval zoude doen, maar wel dié van een sluipmoordenaar die ons langzamerhand van alles beroofd en in armoede stort.⁹³

Veeboere se finansiële terugslae het ook die landbou-ekonomiese ontwikkeling in die algemeen en veeteelt in die besonder nadelig getref. Gedurende die sogenaamde Ontwapeningsoorlog en die latere burgeroorlog in Basoetoland is hierdie waarheid onderstreep toe veral boere in die Verowerde Gebied aan tallose grensoortredings en veediefstalle deur die strydende Sotho-groepe blootgestel is.⁹⁴ 'n Burger het by geleentheid te kenne gegee dat "land en volk (door) de veeboer (word) onderhoud en dié word nu geheel en al geruïneerd door diefstallen".⁹⁵ Hierdie situasie het veeboere magteloos gelaat en in

89. Jacobs, "Landbou en Veeteelt", pp. 193—4; Redelinghuis, *Histories-geografiese Oorsig van Landbou in die O.V.S.*, pp. 35—6.
90. Markpryse is verwerk uit Kaapse Blouboeke en statistiese registers en is op die minimum-gemiddelde bereken.
91. VAB, VR 193, 1869, II: W.J. Palm, Caledonrivierdistrik — President J.H. Brand, 3.2.1869, pp. 237—8; GS 32: W.A. Bester, Verowerde Gebied — Brand, 6.7.1886, p. 211; *De Express*, 22.5.1884 (brief van "Tot Weder Ziens", distrik Harrismith) en 29.7.1886 (brief van B.C.D. Willemse, distrik Ladybrand).
92. H.P.N. Muller, *In den Oranje-Vrijstaat* (Amsterdam, 1889), p. 23.
93. *De Express*, 8.1.1885 (brief van 'J.T.', Harrismith).
94. VAB, GS 521: Memorie van 72 burgers en grondeienaars, Harrismith, 27.12.1881, p. 71; GS 23: J.H. Leeuw — Veldkornet J.H. Naudé, Bethlehem, 5.7.1882, p. 43; *The Friend*, 17.5.1883 [redaksioneel].
95. VAB, GS 1042: L. Geldenhuys, distrik Winburg — President F.W. Reitz, 16.1.1893, p. 181; ook *De Express*, 18.2.1886 (brief van "Bondsman", distrik Bethlehem). Ten opsigte van die Kaapse Oosgrens verklaar Webb (*Agricultural Development*, p. 90) onder meer: "The loss of one or two animals ... represented a serious blow to the poorer Settler, while the loss of twenty or thirty head of cattle was a disaster to any man".

onsekerheid gedompel omdat die aanhoudende diefstalle mettertyd ook hul plase se waarde laat afneem het.⁹⁶

Daar is herhaaldelik gewaarsku dat Basotho-veediefstal tot ernstige grensvoorvalle en selfs oorlog kon lei. Enkele Vrystaters was trouens oortuig dat wapengeweld die enigste oplossing daarvoor was. Sommige het eenvoudig die daad by die woord gevoeg en eiereg toegepas deur die we onder die koëls te steek. Ander boere het uit eie geledere patrollies georganiseer om teen veediewe te waak of het self na hul gesteelde diere in Basoetoland gaan soek.⁹⁷

In die lig van die historiese ontwikkeling van veediefstal en die feit dat dit al bestempel is as 'n agrariese faktor wat die veeboerderybedryf die meeste skade berokken het,⁹⁸ is dit begryplik waarom die Suid-Afrikaanse Polisie se Grensveediefstaleenheid tans op Foursburg en Wepener in die Verowerde Gebied gesetel is. Dit bewaak die hele grensgebied reg rondom Lesotho en lewer 'n belangrike bydrae om diefstal van vee onder beheer te hou.

96. *The Friend*, 14.1.1875 (berig); VAB, VR 408, 1896, IX: Memorie van P.J. Niewenhuysen en 113 ander, distrik Rouxville, 20.3.1896, p. 81; Thom, *Geskiedenis van Skaapboerdery*, p. 91.

97. VAB, GS 906: Landdros, Rouxville — Goewermentsekretaris, 4.6.1887, p. 121; LA, L 2/1/5: Assistent-kommissaris, Leribe — Landdros, Ficksburg, 25.10.1892; *The Friend*, 17.7.1884 (korrespondent, Smithfield) en 8.11.1897 (korrespondent, Mafeteng); *De Express*, 22.7.1892 (berig oor vergadering op Kommissiepoort, distrik Ladybrand).

98. Nel, *Ontstaan en Ontwikkeling van Beesboerdery*, p. 63.